# SPORE

Maart 2009

Uitgawe 5

Uitgegee deur SAWA Luiperds

**Lees binne:**

| | |
|---|---|
| *Voorwoord* | *1* |
| *Luiperds Erekode* | *2* |
| *Kampverslag Pienaardam November 2009-Kerskamp* | *3* |
| *Kampverslag Emanzini Februarie 2009* | *4* |
| *Resepte* | |
| *Kampverslag Nkwe Januarie 2009* | *5* |
| *Kamp Program* | *6* |
| *Voogde met hul Lede. Kontak Inligting* | *7* |
| *Verjaarsdae & Lief en Leed* | *8* |

## ‘n Woordjie van Phillip

Dagsê Luiperds,

So spoed die jaar verby ek kan nie dink dit is alweer Maart nie. So het die fees seisoen gekom en gegaan. So ook die Desember vakansie. Die wat met vakansie was, ek hoop julle het dit terdeë geniet en ons dank aan Hom dat almal veilig tuis is. Al die skoliere wat alreeds hard aan die werk is alle voorspoed vir die jaar.

November se Kerskamp was weer ‘n reuse sukses! Ons dank aan Lappies, Elsa, Willem en Elsie. Ons het Januarie by Nkwe gekamp wat weereens deur almal terdeë geniet is. Februarie het ons by Emanzini gekamp daar het Johan ons vermaak met visvang kompitiesie taal, dit is net gebare geen woord oor jou lippe nie. Terwyl die kompitiesie aan die gang was het ons ook dames en mans gekompeteer om te sien wie kan die verste gooi met ‘n vis stok, hy het ons ook ‘n spyker laat inkap met die skerp kant van ‘n byl. Die uitslae en foto’s verskyn elders in die spore. Ons kamp bywoning is nie sleg nie maar ek dink dit kan nog verbeter. Kom kamp saam en voel hoe lekker dit is. Einde Maart kamp ons by Kareekloof dan is dit die Presidente. As daar van ons lede is wat wil saam gaan, kontak vir my of Andre of jul voogde so gou as moontlik om te bespreek. Ek en Ans het ook die oop NUB bygewoon. Die ander bestuurslede was of op bystand of verlof en die ander het hul klein kinders besoek.

As daar van ons lede is wat nog nie aansoek gedoen het vir ‘n radio lisensie nie kontak vir Lappies. Elsa kan jul ook help om ‘n radio aan te koop. Indien daar nog lede is wat hul woonwaens deur Carasure wil verseker kontak my, ek het die nodige aansoekvorms en maandelikse paaiement per woonwa en inhoud. Wat verseker ‘n voordeel van die versekering is dat indien ‘n probleem oppad opgetel word kom herstel hulle wat fout is of sien toe dat jy geholpe raak. Ek het hierdie diens eerstehands ervaar terwyl ek op pad was na Elangeni en my woonwa se band gebars het. Carasure het my binne een uur weer padvaardig gehad. Die fees tafeldoeke kan by Elsa bestel word teen R150-00 ‘n tafeldoek. Indien daar enige ander bestellings vanaf hoofkantoor is kontak vir Elsa asb.

Baie geluk aan Ian & Maryke met die geboorte van hul seun, Oupa en Ouma is natuurlik amper meer by die kleindig as by die huis soos wat hy ook amper meer deur sy oupa gebad word as sy ma baie geluk en mag hy jul net vreugde bring. Baie geluk ook aan Peet en Arina met die geboorte van jul seun hy was vir ‘n geruime tyd in ICU met ‘n paar probleme maar ons is dankbaar dat die Here sy hand oor hom gehou het hy is nou al by die huis. Aan Lappies en Elsa wat hul met liefde ondersteun het ek glo hul wardeer al jul ondersteuning ten volle. Oupa en Ouma nou kan jul hom geniet, jammer hy is so ver. Aan almal wat siek is of ‘n geliefde aan die dood afgestaan het bid ek dat die Here sal seen, troos en versterk.

Phillip

# Luiperds Erekode

**L**iefdevol

**U**niek

**I**ndividueel

**P**lat op die aarde(Nederig)

**E**erlik

**R**edelik

**D**iensbaar

**S**ondaar

## Pit kos



**Wasdag**

Ek staan voor U Here, met my bondeltjie geestelike wasgoed en my mandjie loop oor. Dit is wasdag tussen U en my. Sal U my help sorteer Here? Met U hoef ek nie op winkelrakke na vlekverwyderaars te gaan soek nie, want U ken my hart. Was my en hang my in U sonlig, al wapper ek teensinnig in die wind van geregtigheid. Verwyder my nie van die waslyn voordat ek nie weer skoon en bruikbaar in U diens kan wees nie.

**Amen**

**Ek wil bid Here**

Here gee aan my die intense en brandende begeerte om U besluite in my lewe met U deur te werk.

**Amen**

**Die moeilikste Opdrag**

“En die tweede, waat hiermee gelyk staan is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Matt.22.39)”

Ons leef in ’n land waar versoening nie maklik nie maar noodsaaklik is. Dit is die opdrag. Om dit te laat gebeur, vra eerstens dat ons radikaal anders na ons situasie kyk. Ons moet aanvaar dat die ou dinge verbygegaan het. Daar is geen manier waarop jy kan voortgaan om jouself apart van die res van die land te sien nie. Dit is ook tyd dat ons besef dat ons welstand gaan afhang van die mate waarin ons bereid is om ons minderbevoorregte en agtergeblewe landsburgers die hand te reik.

Jesus beklemtoon die ou gebod dat ons, ons naaste moet liefhê soos onsself. Wie is ons naaste? Net ons bure oorkant die heining of ons bure drie woonbuurte verder waar die kinders in oop riole speel, straatkinders hulle bedwelmd snuif, jong kinders hulle liggaam op straat verkoop en ou mense van honger en koue sterf? Nie ’n maklike vraag nie, maar ’n noodsaaklike een. Hoe voel jy oor jou “bure” ?

Hennie Symington Ingestuur deur Vinkie

## Kampverslag Pienaardam November 2009-Kerskamp


Die aankoms by die dam was goed, gelukkig het die kampkommandante al die vorige dag gearriveer en klaar kamp opgeslaan. Willem en Lappies het hulle waens so op geslaan dat die tente 'n grootsaal gevorm het wat met kersversierings en ‘n kersboom opgemaak is.
Vrydagaand het begin met Johan Opperman wat die naweek se verrigting geopen het met 'n baie mooi boodskap wat gebaseer was op die woord “LUIPERDS”. Die pik en proe ete is deur almal geniet. Die brood wat met die broodwa van Vereeniging (Hannes & Connie) gekom het het baie aftrek gekry.

Saterdagoggend is daar boeke gevat en toe is daar besluit dat ons nie ontbyt maak nie want almal het weggelê aan die brood en vleis wat van die vorige aand oorgebly het. Daarna is heerlik saam gekuier en die kinders het hulle in die swembad geniet. Die middag is daar vleisgebraai en so tussen deur nog rugby geluister ook. Kersvader (Francois) het net so na die ete daar aangekom en geskenke uitgedeel tot groot vermaak van groot en klein, veral met die gesoennery. Soos die son begin sak het, het almal begin rustig raak in afwagting vir die groot oomblik van die naweek, die kerssang by kerslig, wat gelei is deur Johan Bosch en sy orkes. Dit is een ding wat baie waar is, en baie het al gesê, die klomp Sawanante kan sing. Daar is uit volle bors gesing deur almal, ander kampeerders het 'n ent daarvan gestaan en luister. Met die kerse en die ligies het baie van ons vêr terug verlang maar tog met 'n blydskap in ons harte. Toe die kersliedere klaar is en die kerse uitgebrand was, was hierdie klomp Sawanante eers lus vir sing en is die F.A.K. liedere nader gesleep tot laat in die nag.

Sondagoggend is die erediens deur 'n sendeling (ajatolla soos hy gedoop is) Gerrie gelei. Daarna is die kamp verslag gelees en die trofees uitgedeel deur Phillip Opperman. Die uitdeel van die varkies het baie gelag veroorsaak. Dit help om gees te bou. Die naweek is afgesluit met 'n ete in die oord se resturant.

Chris Labuchagne








## Kampverslag Emanzini Februarie 2009

Wat ‘n voorreg om deel te wees van so ‘n wonderlike woonwa assosiasie. Gedurende hierdie naweek het ek weereens besef dat ons as Sawananante seker een van die mees bevooregte groepe mense is.




Ons Luiperds is behoorlik deur Johan aan visvang bekend gestel. Ons het begin deur ’n les te kry oor stroppe, knope, kol gooi en nog vele meer. Ons het ook ’n kommunikasieles van gebare taal ontvang. Was dit nou groot sports. Die kenners het dit ook baie amusant gevind toe ek my visgerei (wat ek jare terug by my swaar gekry het) te voorskyn bring. Die dames het natuurlik die mans behoorlik ore aan gesit met hulle kommunikasie (gebare taal) kundigheid. Ons sal maar niks sê oor die Vlak....varkies wat die mans daaroor ontvang het nie.



Die wenner van die visvang kompetiese was Phillip wat die enigste vis in die toegelate tyd gevang het. Vinkie ondersteun deur Johan junior met ’n baber van 4,2kG het die swaarste vis gevang. Die veteraan vêr gooier was Phillip met 66m terwyl Jacques met 89m almal onder die stof (of is dit nou water) geloop het. Jana het haar deel vir die vrouens bygedra met ’n afstand van 59m, terwyl Vinkie, Lizinda en Theresa glad nie te sleg gevaar het met hulle 44m nie.

......../4

Johan, Elmarie en Johan (jr) is vereer met die “Luiperd van die naweek” vir die aanbied van die visvang pret. Phillip en Ans het hulle meriete plaatjie ontvang vir 80 streeksaamtrekke. Praat van profesionele kampers.







Die naweek is afgesluit met ’n middagete by Moresonranch leeuplaas. Wat ’n fees! As na die fotos van die porsies gekyk word kan verstaan word waarom daar so baie woefkardoese aangevra is.





Andre Swanepoel










# Resepte

***Piesang-en-Kaasbroodjie (Mikro)***
*1 Franse brood, sny in skyfies.*
*Smeer Marmite op.*
*Sny piesangs in skyfies en sit bo-op.*
*Rasper kaas bo-oor en mikrogolf tot gesmelt.*

***Mieliebrood***
*500 g bruismeel*
*5 ml sout*
*1 blik roommielies*
*2 eiers*
*170g-blik Ideal melk*
*60 ml olie*
***Metode:***
*Meng meelblom, sout en mielies saam. Meng eiers, Ideal-melk en olie saam en roer by meelblom. Gooi in gesmeerde 1kg-broodpan en bak 50-60 minute by 180*$^{\circ C.}$

## Kampverslag Nkwe Januarie 2009

So breek nog ‘n heerlike naweek aan en arriveer die Luiperds so een vir een. Daar was natuurlik die wat al van vroeg af tent en woonwa opgeslaan het. Die aand is boeke gevat en van ons het so saam-saam iets aanmekaar geslaan om die honger te stil.





Saterdagoggend is daar so lui-lui opgestaan en 9 uur het ons boeke gevat waarna ons “brunch” gemaak het. Van ons het die dag maar so lui-lui deurgebring, die ander het balle gerol en darts gespeel met ‘n dart-bord wat deur Johan Bosch ontwerp is.







Die wenners van die trofee




Ons het ook 3 besoekers gehad, die Pelsers, die Bruwers se kinders en ‘n vriendin van Johan Bosch se kinders. Saterdagaand het ons lekker saam gebraai en gekuier tot laat. Sondagoggend het Mnr Swanepoel en gade op ‘n vakansie vertrek Kaap toe.







Die ander het maar rus-rus opgestaan. Ons het saam met Wapadrand boeke gevat waarna van ons sommer Delmas se Wimpy besoek het.

Phillip

**Die kampprogram gee aanduiding van koste soos ten tye van druk en is onderhewig aan verandering soos bespreking plaasvind.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| April | 10-13 | Presidente - Potch Dam | R450.00 vir naweek |
| Mei | 23-24 | Badplaas | R130 per nag vir 4 persone |
| Junie | 26 Junie – 05 Julie | Toer Wildtuin<br><br>Elangeni<br><br>Numbi Hotel | Bewarings fooi R35.00 per persoon per dag (Alternatiewelik Wildcard)<br><br>R80.00 per nag<br><br>R150.00 per nag vir 4 persone |
| Julie | 25-26 | Loskopdam | R135.00 per nag vir 4 persone<br>R45.00 vir ekstra persoon<br>Maksimum 8 persone<br>R30.00 vir ekstra voertuig per nag |
| Augustus | 8-10 | Kaia Manzi<br>AJV | R50.00 per nag + R50.00 per persoon per nag<br>Kinders R20.00 per kind per nag<br>Ekstra voertuig R30.00 eenmalig |
| September | 24(25)26-27 | Gebied | Nie bekend |
| Oktober | 24-25 | Barham Bay | R100.00 per nag + R40.00 per persoon per nag<br>Kinders R25.00 per kind per nag<br>Voertuig R15.00 eenmalig |
| November | 28-29 | Kareekloof | R75.00 per nag + R35.00 per persoon per nag<br>Kinders onder 6 Gratis<br>Ekstra voertuig R30<br>Maksimum 6 persone |

## My ma het my geleer:

Om werk wat gedoen is te waardeer.
“ julle mekaar wil dood maak, doen dit buite ek het klaar skooongemaak”.

Van godsdiens.
“Jy beter bid dat hierdie kol uit die mat kom”.

Om deur tyd te reis.
“As jy nie opruim nie, foeter ek jou tot die volgende week in”.

Van ironie.
“Hou aan met lag en ek gee jou iets om oor te huil”.

Van logika.
“Want ek sê so, dis hoekom”.

Van uithouvermoë.
“Jy sal daar bly tot al jou spinasie klaar is”.

Ingestuur deur Vinkie

# Voogde met hul lede

## Phillip Opperman

Opperman Phillip & Ans
Benecke Frikkie & Joy
Bosch Johan & Cecile
Melcher Andre & Elmarie
Fourie Koos & Marietjie
Pelser Johan & Petra
**Kinders(tot graad 12)**
Fourie Rozaan, Dunhin, Ina-Marie

## Andre Swanepoel

Swanepoel Andre & Vinkie
De kock Johan & Lizinda
Storm Francois & Rina
Storm Ian & Maryke
Swart Lucas & Magda

## Lourens Oosthuizen

Oosthuizen Lourens & Susan
Burger Hennie & Dorea
Mostert Johan & Bernidine
Pretorius Johan & Mary-Ann
Snyman Hannes & Connie
Olivier Gerrie & Leana
**Kinders(tot graad 12)**
Oosthuizen Nerissa

## Elmarie Opperman

Opperman Erenst & Chantall
Opperman Johan & Elmarie
Stuart Dirk & Marietjie
Swanepoel Johan & Hettie
Lombard Jan & Antoinette

## Elsa Laubuschagne

Labuschagne Lappies & Elsa
Broxham Willem & Elsie
Broxham Hennie & Angelique
Bruwer Leon & Jana
De Beer Jacques & Theresa
**Kinders(tot graad 12)**
Broxham Heinrich, Richardo, Lalique

# Kontak Inligting

| | Naam | Cell Nommer | E-pos Adres |
|---|---|---|---|
| **Voorsitter** | Phillip Opperman | 082 779 3262 | store.site@hydra-arc.com |
| **Onder Voorsitter** | Andre Swanepoel | 082 779 3245 | andre.swanepoel@sasol.com |
| **Penning Meester** | Elmarie Opperman | 082 859 2948 | 0823068110@vodamail.co.za |
| **Seketaris** | Susan Oosthuizen | 082 803 4309 | oosthusl@sabs.co.za |
| **AdisioneleLid Tegnies** | Lourens Oosthuizen | 082 941 7531 | lourens.oosthuizen@sasol.com |
| **AdisioneleLid Voorraad** | Elsa Labuschagne | 082 576 8690 | lappies.labuschagne6@sasol.com |
| **AdisioneleLid Redaksie** | Hannes Snyman | 073 228 5214 | hannes.snyman@sasol.com |
| **AdisioneleLid Redaksie** | Connie Snyman | 0835440290 | hannes.snyman@sasol.com |

## Verjaarsdae



| | |
|---|---|
| Ina-Marie Fourie | 09 Jan |
| Jan Lombard | 16 Jan |
| Magda Swart | 19 Jan |
| Hennie Burger | 30 Jan |
| Vinkie Swanepoel | 10-Feb |
| Petra Pelser | 22 Febr |
| Johan Pretorius | 03 Mrt |
| Susan Oosthuizen | 07 Mrt |
| André Melcher | 05 Mrt |
| Marietjie Fourie | 07 Mrt |
| André Swanepoel | 08 Mrt |
| Hettie Swanepoel | 14 Mrt |
| Lizinda De Kock | 27 Mrt |
| Ian Storm | 27 Mrt |
| Leon Bruwer | 28 Mrt |
| Mary-Ann Pretorius | 31 Mrt |

## Huweliks Herdenkings

| | | |
|---|---|---|
| Johan & Petra | Pelser | 04 Jan |
| Johan & Hettie | Swanepoel | 03 Feb |
| Lourens & Susan | Oosthuizen | 05 Mrt |

## LEED

Louwrens en Connie se ma het ‘n operasie ondergaan.

Ans het haar voet beseer.

## LIEF

Dit gaan baie goed met Chris en Elsa se kleinseun.
Johan en Lizinda se dogter is swanger.
Dit gaan ook baie beter met Oom Frikkie se rug.
Lourens se oogoperasie blyk ’n sukses te wees.
Hannes en Connie trek Secunda toe.

## BANK BESONDERHEDE

SAWA Luiperds
ABSA
Tjek Rek no: 4070170865
Tak kode: 632005

---

**SPORE** word uitgegee deur Luiperdsstreek van die SA Woonwa-Assosiasie (Sawa). Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensie impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van Sawa is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die Redakteur verantwoord.